HOOFSTUK

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Ruiters

INHOUD

3.1. LIDMAATSKAP EN LEDENOMMERS 4
3.2 LOGBOEKE 5
3.3 IDENTIFIKASIE, KLEREDRAG EN TOERUSTING VAN DIE RUITER 6
3.4 OUDERDOM , GEWIGSKATEGORIEË EN KLASSIFIKASIE VAN RUITERS 8
3.4.1 Kinderruiters 8
3.4.2 Juniors en Jong Ruiters 10
3.4.3 Senior ruiters 11
3.4.4 Veteraanruiters 13
3.4.5 Klassifiksie van ruiters 13
3.4.6 Inweeg van ruiters 13
3.5 BUITELANDSE RUITERS, SUID AFRIKAANSE RUITERS WERKSAAM IN DIE 14
BUITELAND 14
3.6 DEELNAME DEUR SA RUITERS IN DIE BUITELAND 15

HOOFSTUK 3: RUITERS

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 3

Artikel	Onderwerp	Datum van Wysiging
3.1.1.1	Jaarlikse Lidmaatskap	Jul 2010
3.1.1.3	Tydelike Lidmaatskap (geskrap)	Jul 2010
3.5.1.3	Geskrap	Jul 2010
3.5.1.4	Hernommer na 3.5.1.3	Jul 2010
3.5.2.3	Geskrap	Jul 2010
3.5.2.4	Hernommer na 3.5.2.3	Jul 2010
3.7	Gedragskode – oorgeplaas na Hoofstuk 1	Jul 2010
3.1.1.2.1	Inskrywing van daglede	Sep 2010
3.3.1.4.1	Kleur van nommers	Sep 2010
3.3.1.4.3	Glimstroke op beffies van kinderruiters	Sep 2010
3.4.1.2	Inskrywing van ruiters jonger as tien jaar	Sep 2010
3.4.1.1.1	Kinderruiters	Nov 2010
3.4.2	Junior en Jong Ruiters	Nov 2010
3.4.3	Senior Ruiters	Nov 2010
3.4.4	Geskrap / Ingesluit by 3.4.3.1	Nov 2010
3.4.5	Hernommer na 3.4.4	Nov 2010
3.4.6	Hernommer na 3.4.5	Nov 2010
3.4.7	Hernommer na 3.4.6	Nov 2010
3.4.8	Hernommer na 3.4.7	Nov 2010
3.4.3.2.1	Gewigskategorieë (skuif vanaf 3.4.7.1)	17 Apr 2011
3.4.3.2.2	Gewigskategorieë en die kies van spanne	17 Apr 2011
3.4.7.1	Gewigskategorieë (skuif na 3.4.3.2.1)	17 Apr 2011
3.4.7.2	Hernommer na 3.4.7.1	17 Apr 2011
3.4.7.3	Hernommer na 3.4.7.2	17 Apr 2011
3.4.7.4	Hernommer na 3.4.7.3	17 Apr 2011
3.4.7.5	Hernommer na 3.4.7.4	17 Apr 2011
3.4.7.6	Hernommer na 3.4.7.5	17 Apr 2011
3.4.7.7	Hernommer na 3.4.7.6	17 Apr 2011
3.1.2.1	Lidmaatskapadministrasie	6 Nov 2011
3.4.1.5	Ouderdom van ruiters wat kinders vergesel	6 Nov 2011
3.4.1.11.2	Vertrektyd van kinderruiter	6 Nov 2011
3.4.3.1.3	Kies van spanne	6 Nov 2011
3.3.2	Netheid van ruiters	10 Mei 2013
3.4.1.1.1	Geskrap	12 Maart 2016
3.4.2.3	Junior ruiters na Senior Swaargewig ruiter	15 Maart 2016
3.4.1.11.2	By ‘n kontrole punt	22 April 2016
3.3.7	Peitse	15 Janaurie 2017

3.3.7	Peitse (ontrek)	25 March 2017
3.4.1.3	Kinderruiter en senior	25 Julie 2018
3.4.1.6	Kinderruiter en senior	25 Julie 2018
3.4.1.8	Kinderruiter en senior	25 Julie 2018
3.3.5	Stiebeuels – veiligheids kappie	22 Oktober 2018
3.4.7.3	Inweeg by ritte	22 Oktober 2018
3.4.7.4`	Inweeg reels	22 Oktober 2018
3.4.3.2	Minimum gewigte per kategorie	22 Oktober 2018
3.4.3.2	Minimum gewigte per kategorie	28 Januarie 2019
3.1.2.1	Lidmaatskapadministrasie	24 Februarie 2019
3.1.2.4	Klub lidmaatskpadministrasie	24 Februarie 2019
3.3.1	Ruiternommers : bygevoeg: vanaf die inskrywings poses, inweeg en by veearts ondersoeke gedra word	24 April 2021
3.3.1.4	Bygevoeg : ‘n nommer deur rit organiseerders uitgereik	24 April 2021
3.4.5	Geskrap – nie meer van toepassing nie	24 April 2021
3.4.6	Geskrap – nie meer van toepassing nie	24 April 2021
3.1.2.2	Laat registrasie van ruiter	17 February 2022
3.2.1	Ruiter logboeke – eel verander	7 November 2021
3.2.2	Geskrap – nie meer van toepassing nie	7 November 2021
3.4	Verander na – Ouderdom, Gewigskategorie en Klassifikasie van ruiter	7 November 2022
3.4.5	Klassifikasie van ruiter	7 November 2022
3.4.5.1	Nuwelingruiter	7 November 2022
3.4.5.2	Uithouritruiter	7 November 2022
3.4.7	Hernommer na 3.4.6	7 November2022
3.4.5.1	Nuweling ruiter	1 April 2023
3.4.5.1	Nuweling ruiter – van 1 Januarie 2024	21 October 2023

3.1. LIDMAATSKAP EN LEDENOMMERS

3.1.1 **<u>Lidmaatskap</u>**. Slegs ruiters wat lede van ’n klub van ERASA is mag aan uithouritte deelneem. Lidmaatskap sluit in:

3.1.1.1 **<u>Jaarlikse lidmaatskap</u>** (kyk ook Grondwet).

3.1.1.1.1 Lede kan by klubs van ERASA aansluit teen betaling van ’n jaarlikse ledegeld (soos deur die klub bepaal) sowel as die voorgeskrewe affiliasiefooi (soos deur die Raad van ERASA bepaal).

3.1.1.1.2 Lidmaatskap geld vir een uithouritjaar (kyk Grondwet). Lede wat as ruiters aan ritte deelneem gedurende die periode 1 Januarie tot die 31 Desember van ’n bepaalde jaar, maar dan nie vir die betrokke jaar affilieer nie, se name en besonderhede sal van die uitslae van daardie spesifieke ritte verwyder word asof hulle nie deelgeneem het nie

3.1.1.1.3 Ruiters wat vir ’n jaar aangesluit het mag gedurende daardie jaar aan alle uithouritte wat onder die beskerming van ERASA aangebied word deelneem, teen betaling van die inskrywingsgeld soos deur die ritkomitee bepaal en onderhewig aan die vereistes soos neergelê in die reëls en regulasies van ERASA.

3.1.1.2 **<u>Daglidmaatskap</u>**. Persone wat nie lede van ERASA is nie, mag aan klubkompetisies deelneem teen die betaling van die daglidmaatskapfooi. Hierdie fooi is gelykstaande aan 10% van die betrokke klub se jaarlikse ledegeld. Geen erkenning gegee vir kilometres gery as daguiter nie.

3.1.1.2.1 Daglede mag slegs inskryf vir ritte van tot en met 40km, teen betaling van die inskrywingsgeld soos deur die ritkomitee bepaal en onderhewig aan die vereistes soos neergelê in die reëls en regulasies van ERASA.

3.1.1.2.2 Daar is geen beperking op die aantal ritte waarvoor ’n persoon as daglid mag inskryf nie.

3.1.1.2.3 Om onervare dagruiters te beskerm, kan die Ritmeester:

- Die daglid koppel aan ’n ervare senior ruiter (in beginsel soos kinderruiters), of
- Van ’n “pas-ruiter” gebruik maak. So ’n “pas-ruiter” is ’n ervare senior ruiter wat voor of saam met ’n groep daglede ry en dan ’n konstante pas aangee, om so te verseker dat daglede nie hul perde ooreis nie. Geen

daglid mag dan by die “pas-ruiter” verbygaan nie.

- Hierdie besluit berus by die Ritmeester wat by die rit diens doen, en is nie verpligtend is nie.
-

3.1.2 Bewys van lidmaatskap. Geen bewys van lidmaatskap word deur ERASA uitgereik nie. Volop-betaalde lede se name verskyn op die sentrale lededatabasis wat op ERASA se webtuiste beskikbaar is.

3.1.2.1 Dit is die verantwoordelikheid van die ritkomitee om, nie vroeër as die Donderdagoggend voor die rit, 'n uitdruk van die lededatabasis te bekom en te verseker dat alle ruiters wat vir die rit inskryf se name wel in die databasis verskyn.

3.1.2.2 Wanneer 'n nuwe lid by 'n klub aansluit en affilieer by ERASA sal die betrokke lid se besonderhede so gou as moontlik nadat die dokumente by die ERASA kantoor ingedien is, tot die databasis toegevoeg word. Om ritadministrasie te vergemaklik sal nuwe lede slegs tot en met **MAANDAG MIDDAG om 14:00 t**ot die databasis toegevoeg word, sodat ritkomitees vanaf Donderdagoggend die ritinskrywings teen die databasis kan verifieer (kyk artikel 3.1.2.1 hierbo). Die lid kan as volle lid aan ritte deelneem sodra sy besonderhede in die databasis verskyn. Laat registrasies vir lede kan gedoen word teen Dinsdag 17h00 voor die rit waar ruiter wil deelneem, boeta van R500 per registrasie.

3.1.2.3 In gevalle waar die betrokke ruiter se naam nie in die databasis verskyn nie, maar waar die ruiter wel kan bewys dat die dokumente voor **14:00 op die MAANDAG** voor die betrokke rit by die ERASA kantoor ingedien is, moet die ruiter toegelaat word om deel te neem. Sou dit later blyk dat die inligting soos deur die ruiter verstrek onjuis was, sal die ruiter geen erkenning vir die rit of die kilometers gery kry nie.

3.1.2.4 'n Klub sal die diskresie hê om 'n afsny datum toe te pas vir hul lede om by die klub te registreer. Dit sal die klub in staat stel om alle dokumentasie te finaliseer voordat dit na ERASA gestuur word.

3.2 LOGBOEKE

3.2.1 Die ruiter logboek is die verantwoordilikheid van die ruiter en die logboek en word nie by ritte ingedien nie

3.3 IDENTIFIKASIE, KLEREDRAG EN TOERUSTING VAN DIE RUITER

3.3.1 **Ruiternommers**. Alle ruiters moet tydens alle ritte, vanaf die inskrywingsproses, inweeg en by veearts ondersoeke, ’n ruiternommer (hetsy ’n nommer uitgereik deur die ritkomitee, ’n permanente klubnommer, ’n erenommer, ‘n uniespannommer of ’n nasionale spannommer) gedra word.

3.3.1.1 Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van elke ruiter om te sorg dat sy/haar ruiternommer te alle tye duidelik sigbaar is.

3.3.1.2 Nommers wat aan ruiters wat erekleure (een, twee of drie ster) verwerf het (voorheen springbokke) toegeken is, bly hul eiendom. Hulle mag met hierdie nommers ry op alle voorritte totdat erekleure om een of ander rede van hulle weggeneem sou word.

3.3.1.3 Lede van nasionale en uniespanne mag spesiale nasionale of uniespan-nommers tydens kompetisies dra indien die organiseerders van die betrokke kompetisie dit toelaat (indien dit nie toegelaat word nie, sal spanlede aan hul spandrag uitgeken word).

3.3.1.4 Die ERASA kantoor sal aan alle lede met eerste affiliasie ’n permanente ruiternommer toeken, en ruiters sal met hierdie nommers ry op alle ritte wat onder die vaandel van ERASA aangebied word (ruiters wat nommers tuis vergeet het, mag toegelaat word om met ’n nommer uitgeriek deur die rit organiseerders aan die rit deel te neem, kyk hieronder).

3.3.1.4.1 Ruiters moet hul eie nommers laat maak met swart syfers teen 'n geel of neongeel/ neongroen agtergrond.

- Syfers moet minstens 100mm hoog wees, en die swart lyne moet minstens 15mm breed wees.
- Die geel/neongeel/neongroen blok waarop die syfers aangebring word moet, vir volwassenes, minstens 300mm breed by 200mm hoog wees, en vir kinders 200mm breed by 150mm hoog. Nommers moet voor en agter verskyn.

3.3.1.4.2 Die swart en geel nommers kan op 'n beffie, 'n gholf-hemp of ’n baadjie aangebring word. Die kleur van die beffie, hemp of baadjie word bepaal deur die Unie waarby die klub waar die ruiter 'n lid is, geaffilieer is.

3.3.1.4.3 Vir kinderruiters moet daar ’n rooi of oranje glimstrook van 50mm breed en minstens 150mm lank bo en onder die nommer of die beffie aangebring word, om hul so duidelik as kinderruiters uit te ken.

3.3.1.5 Ritkomitees moet toesien dat voldoende addisionele ruiterbeffies by elke rit beskikbaar is vir gebruik deur dagruiters en ruiters wat hul permanente nommers by die huis vergeet het.

3.3.2 **Netheid van ruiters**.

3.3.2.1 Ruiters moet onder alle omstandighede netjies en toepaslik geklee gaan. Kleredrag mag nie die beeld van die uithouritsport benadeel nie, en ruiters moet altyd ’n netjiese en sportiewe beeld uitdra. Dit word aanbeveel dat ruiters altyd toepaslike rydrag dra (hemde moet ‘n kraag hê); die dra van kortbroeke deur ruiters terwyl hul perdry is nie toelaatbaar nie.

3.3.2.2 Dit word aangemoedig dat ruiters en beamptes tydens prysuitdelings klub-, unie-, nasionale- of erekleure dra.

3.3.2.3 Die dra van loshangende oorringe en ander juweliersware wat moontlik aan uitrusting of plantegroei langs die roete kan vashaak word ontmoedig.

3.3.3 **Harde hoed**. Die dra van ’n harde hoed is verpligtend vir alle ruiters by alle ritte. Harde hoede moet gedra word te alle tye wanneer die ruiter berede is op die terrein van die rit (insluitend tydens oefening of opwarming). Hierdie geld ook wanneer ander persone (insluitend kinders van enige ouderdom) op die terrein van die rit op perde rondgelei word. Harde hoede moet te alle tye wanneer dit gedra word behoorlik vasgemaak wees.

3.3.3.1 Hierdie harde hoede moet beproefde hoë-spoed sport veiligheidshoede wees.

3.3.3.2 Dit word ten sterkste aanbeveel dat ruiters harde hoede sal aanskaf wat spesifiek vir perderuiters ontwerp is, en wat voldoen aan die Europese standaard (EN1384), die Britse standaard (PAS 015) of die Amerikaanse standaard (ASTM F1163, of ASTM/SEI gesertifiseer).

3.3.4 Tydens alle ritte wat gedurende die nag plaasvind moet alle ruiters glimstroke voor en agter op die harde hoed, op die saal se agterkant en stiebeuels plak wat minstens 15mm breed x 100 mm lank is.

3.3.5 Alle stiebeuels MOET met ‘n veiligheidskappie aan die voorkant toegerus wees.

3.3.6 Spore, swepe (met die uitsondering van lonseerswepe wat gebruik word wanneer die perd gelonseer word op die terrein van die rit) en sambokke van watter aard ook al word nie toegelaat by uithouritte nie.

3.3.7 Die gebruik van peitse word toegelaat by alle ritte onder die reëls van ERASA, mits die peits aan die volgende vereistes voldoen:

- Maksimum lengte 75 cm
- Die punt van die peits moet bestaan uit ’n dubbel leerflap van minstens 1,5 cm breed en hoogstens 7,5cm lank.

Oormatige gebruik van peitse (volgens die oordeel van die Ritmeester) sal tot dissiplinêre stappe lei.

3.4 OUDERDOM, GEWIGSKATEGORIEË EN KLASSIFIKASIE VAN RUITERS

3.4.1 Kinderruiters

3.4.1.1 Ruiters neem as kinderruiters aan uithouritte deel vanaf die begin van die jaar waarin hy/sy tien (10) jaar oud word tot aan die einde van die jaar waarin hy/sy dertien (13) jaar oud word. Geen gewigsbeperkinge geld in hierdie kategorie nie (m.a.w. daar is geen minimum gewig vir ruiters wat in hierdie kategorie deelneem nie).

3.4.1.2 Ruiters onder die ouderdom van tien (10) jaar mag aan klubritte van die Vereniging deelneem maar word gereken as daglede en mag slegs aan ritte van tot en met 40km deelneem. Alle reëls van toepassing op kinderruiters geld ook vir ruiters onder die ouderdom van tien (10) jaar.

3.4.1.3 Kinderruiters kan slegs aan ’n uithourit deelneem indien ’n senior ruiter verantwoordelikheid vir die kind aanvaar. Dit is die verantwoordelikheid van die kind se ouers of voog om te reël vir ’n geskikte senior om die kind te vergesel. Die senior moet die kind te alle tye op die **baan** vergesel.

3.4.1.4 Seniors wat kinders vergesel moet:

3.4.1.4.1 Lede van ’n uithouritklub wees.

3.4.1.4.2 As ruiters aan die spesifieke uithourit deelneem.

3.4.1.5 Enige ruiter wat vir die seniorkategorie ingeskryf is mag kinderruiters op ’n rit vergesel. Ruiters wat in die jong ruiterkategorie ingeskryf is mag kinderruiters vergesel vanaf die eerste dag van die uithouritjaar waarin die betrokke ruiter agttien (18) jaar oud word.

3.4.1.6 Die senior moet bereid wees om die volle duurte op die **baan** by die kind te bly. Indien die senior eenmaal ’n kind aanvaar het moet hy/sy regdeur die rit, ongeag of dit ’n eendag of ’n veeldagrit is, na hom/haar omsien terwyl hulle op die **baan** is.

3.4.1.7 ’n Senior mag ’n maksimum van drie (3) kinders tydens klub- en unieritte en twee (2) kinders tydens nasionale ritte onder sy/haar beskerming neem.

3.4.1.8 Beide senior en kinderruiter(s) sal gediskwalifiseer word indien hulle te enige tyd gedurende die tyd op die **baan** van mekaar geskei word. Die senior en kind(ers) mag op die baan nooit buite hoorafstand wees nie (die senior moet voortdurend sonder hulpmiddels met die kinders kan kommunikeer).

3.4.1.9 ’n Kind mag nie gedurende ’n rit na ’n ander senior oorgeplaas word nie, tensy die eerste senior uittree of gediskwalifiseer of die perd geëlimineer is, of, in die geval van ’n kompetisie onder trapleerreëls, waar die senior besluit om die trapleer te stop nadat sy perd deur die veeartse ondersoek en geskik bevind is.

3.4.1.10 Wanneer die senior van mening is dat die kind hom aan wangedrag op die baan skuldig maak, of wanneer die kind nie na die senior se instruksies luister nie, mag die senior (na gesprek met die ritmeester) versoek dat die kind gediskwalifiseer word, waarna die senior dan met die rit mag voortgaan.

3.4.1.11 Indien die senior of die kind nie met die rit kan voortgaan nie, geld die volgende prosedures:

3.4.1.11.1 Op pad:

- Indien die senior nie kan voortgaan nie, is dit sy/haar verantwoordelikheid om die kind aan ’n geskikte, verantwoordelike, berede en deelnemende senior te oorhandig wat die kind dan vir die res van die been moet vergesel. Na voltooiing van die been kan die ouer of voog van die kind dan die kind aan 'n ander senior ruiter (van die ouer of voog se keuse) oorgee. Enige tyd wat so deur die kind verloor word kan nie voor gekompenseer word nie. Die eerste senior (wat die kind op pad oorhandig het) mag daarna nie met die rit voortgaan nie.
- Indien die kind nie kan voortgaan nie, is dit die plig van die senior om by die kind te bly totdat hy/sy hom/haar in die sorg van 'n verantwoordelike nie-deelnemende volwassene kan laat (bv. ouer, voog, baanbeampte). Hierdie persoon moet dan reëlings tref om die kind tot by die vorige of eersvolgende ruspunt (watter een ook al die naaste is) te neem en dan by die tydhouer en veeartspaneel rapporteer dat die kind nie voortgaan nie. Enige tyd so deur die senior verloor sal nie voor gekompenseer word nie. Die betrokke kind mag daarna nie met die rit voortgaan nie.

3.4.1.11.2 By ’n kontrolepunt:

- Indien die senior nie kan voortgaan nie (of, in die geval van 'n kompetisie onder trapleerreëls, wanneer die senior besluit om die trapleer te stop nadat die perd deur die veeartse ondersoek en geskik bevind is), mag die ouers of voog van die kind 'n ander ervare senior vra om die kind te vergesel. In so 'n geval geld die kind se oorspronklike wegspringtyd nog. Tyd wat verlore gaan terwyl die kind vir 'n senior wag (hetsy omdat een nie geredelik beskikbaar is, of omdat die betrokke senior se vertrektyd na die kind se aanvanklike vertrektyd is), kan voor gekompenseer word. Die kinderruiter **mag egter nie** na ‘n vinniger ruiter oorgeplaas word nie, m.a.w. die nuwe senior se spoed tot op daardie stadium waarop die kind na hom/haar oorgedra word moet gelyk of stadiger as die kind

se spoed op daardie stadium wees. Die senior ruiter wat, by 'n kompetisie onder trapleerreëls, besluit om die trapleer te stop nadat die perd deur die veeartse ondersoek en geskik bevind is, sal steeds krediet kry vir die deel van die rit wat voltooi is, en nie gediskwalifiseer word omdat hy die kind(ers) onder hierdie omstandighede oorhandig het nie.

- Kinderruiters sal toegelaat word om saam met 'n senior te vertrek wat voor die kind se aanvanklike vertrektyd vertrek, maar slegs indien:
    - By ritte onder die "verpligte rustyd" reëls, daar minstens dertig (30) minute verloop het nadat die kinderruiter by die kontrolepunt aangekom het (m.a.w. die perd moes minstens 30 minute gerus het). Die 30 minute sluit die veearts-ondersoek (waar die kind(ers) se perd(e) geskik bevind was om voort te gaan) in.
    - By ritte onder die "hekstelsel" reëls, die kind(ers) se perd(e) reeds deur die veeartse geskik bevind is om voort te gaan, en daar minstens dertig (30) minute verloop het nadat die perd(e) deur die veeartse ondersoek was. Die kind se vertrektyd word dan op die tydhoustelsel aangepas om dieselfde te wees as die vertrektyd van die senior saam met wie hy nou gaan ry en die kind se rytyd word vanaf die nuwe vertrektyd bereken.
- Indien 'n kind nie kan voortgaan nie (of, in die geval van 'n kompetisie onder trapleerreëls, besluit om die trapleer te stop nadat die perd deur die veeartse ondersoek en geskik bevind is), mag die senior op sy vasgestelde tyd vertrek, mits die kind onder toesig van ouers, voog of ander verantwoordelike volwassenes gelaat is.

3.4.1.12 Kinderruiters mag deelneem aan ritte langer as tagtig (80) kilometer, met die voorbehoud dat die maksimum afstand waarvoor hulle inskryf nie die volgende oorskry nie:

- 120km in een dag.
- 160km oor twee agtereenvolgende dae.
- 210km oor drie agtereenvolgende dae.

3.4.1.13 Deelname van kinderspanne, hetsy op klub, uniale, nasionale of internasionale vlak word nie toegelaat nie.

3.4.2 Juniors en Jong Ruiters

3.4.2.1 Ruiters neem in hierdie kategorie deel vanaf die begin van die jaar waarin hy/sy veertien (14) jaar oud word, en kan in hierdie kategorie deelneem tot aan die einde van die jaar waarin hy/sy een-en-twintig (21) jaar oud word. Geen gewigsbeperkinge geld in hierdie kategorie nie (m.a.w. daar is geen minimum gewig vir ruiters wat in hierdie kategorie deelneem nie).

3.4.2.1.2 Slegs prestasie in die junior/jong ruiterkategorie sal oorweeg word wanneer junior/jong ruiterspanne gekies word, en geen ritte waaraan as kinderruiter deelgeneem is, sal in aanmerking geneem word nie.

3.4.2.2 Junior/Jong Ruiters mag in spanverband op alle vlakke van kompetisie deelneem (kyk hoofstuk 5).

3.4.2.3 Junior Ruiters mag as hul sestien (16) jaar oud word in die senior SWAARGEWIGSKATEGORIE deelneem indien die Junior Ruiter voldoen an die minimum gewigsgrens soos in 3.4.3.2.1. Toestemming moet gekry word van die ERASA Algemene Bestuurder om die kategorie te kan ry.

3.4.3 Senior ruiters

3.4.3.1 'n Persoon kan in hierdie kategorie deelneem vanaf die begin van die jaar waarin hy/sy agtien (18) jaar oud word, en moet in hierdie kategorie deelneem vanaf die begin van die jaar waarin hy/sy twee-en-twintig (22) jaar oud word.

3.4.3.1.1 Ruiters kan, vanaf die begin van die jaar waarin hulle agtien (18) word tot aan die einde van die jaar waarin hulle 21 (een-en-twintig) word, self kies of hul as seniors of as junior/jong ruiters wil deelneem.

3.4.3.1.1.1 Hierdie keuse is nie vas nie, en kan van byeenkoms tot byeenkoms wissel.

3.4.3.1.1.2 Ruiters moet in ag neem dat hulle op die ranglys geplaas sal word volgens die kategorie van deelname; sou hul dus in dieselfde uithouritjaar in verskillende ouderdomskategorieë aan ritte deelneem, sal hul hulself benadeel omdat hul prestasies tussen twee kategorieë verdeel sal word.

3.4.3.1.2 Wanneer spanne gekies word geld die volgende ten opsigte van ruiters wat gedurende die periode van toepassing op die kies van spanne aan ritte in beide die junior/jong ruiter en seniorkategorie deelgeneem het (dus moes die ruiter in beide kategorieë deelgeneem het):

3.4.3.1.2.1 Prestasie in die seniorkategorie sal oorweeg word vir die kies van junior/jong ruiterspanne

3.4.3.1.2.2 Prestasie in die junior/jong ruiterkategorie sal oorweeg word wanneer senior spanne gekies word, onder voorwaarde dat:

3.4.3.1.2.2.1 Ruiters wat as juniors/jong ruiters aan ritte deelgeneem het en teen minder as 73kg ingeweeg het, slegs vir senior liggewigspanne oorweeg sal word.

3.4.3.1.2.2.2 Ruiters was as juniors/jong ruiters aan ritte deelgeneem het en vanaf 73 tot minder as 95kg ingeweeg het, vir senior standaard-gewigspanne of gekombineerde standaard- en swaargewigspanne oorweeg sal word.

3.4.3.1.2.2.3 Ruiters was as juniors/jong ruiters aan ritte deelgeneem het en vanaf teen meer as 95kg ingeweeg het, vir senior swaargewig spanne of gekombineerde standaard- en swaargewigspanne oorweeg sal word.

3.4.3.2 Senior ruiters word vir ritte van 80km en langer ook in gewigskategorieë ingedeel.

3.4.3.2.1 Gewigsgrense vir die verskillende kategorieë waarin senior ruiters kan deelneem is soos volg:

3.4.3.2.1.1 Liggewig: Minder as 73 kg.

3.4.3.2.1.2 Standaardgewig: 73 kg tot minder as 95kg.

3.4.3.2.1.3 Swaargewig: 95 kg en swaarder.

3.4.3.2.2 Wanneer spanne gekies word geld die volgende ten opsigte van ruiters wat gedurende die periode van toepassing op die kies van spanne aan ritte in meer as een senior gewigskategorie deelgeneem het:

3.4.3.2.2.1 Ruiters wat slegs aan uithouritte in die senior liggewigkategorie (insluitend die FEI “No Weight” kategorie) deelgeneem het sal slegs vir senior liggewigspanne oorweeg word.

3.4.3.2.2.2 Ruiters wat aan uithouritte in die senior liggewigkategorie (insluitend die FEI “No Weight” kategorie) sowel as die senior standaardgewigkategorie deelgeneem het sal vir senior liggewig- en senior standaardgewigspanne oorweeg word, sowel as vir gekombineerde senior standaard- en swaargewigspanne.

3.4.3.2.2.3 Ruiters wat aan uithouritte in die senior standaardgewigkategorie sowel as die senior swaargewigkategorie deelgeneem het sal vir senior standaardgewig- en senior swaargewigspanne oorweeg word, sowel as vir gekombineerde senior standaard- en swaargewigspanne.

3.4.3.2.2.4 Ruiters wat slegs aan uithouritte in die senior swaargewigkategorie deelgeneem het sal vir senior swaargewigspanne en gekombineerde senior standaard en swaargewigspanne oorweeg word.

3.4.3.3 Senior ruiters mag in spanverband op alle vlakke van kompetisie deelneem. Waar die situasie dit regverdig, mag organiseerders ook spankompetisies binne gewigsklasse reël (kyk Hoofstuk 5)

3.4.4 Veteraanruiters

3.4.4.1 Ruiters is veteraanruiters vanaf die begin van die uithouritjaar waarin hulle vyftig (50) word. Deelname as veteraanruiters aan ritte is slegs moontlik indien die ritkomitee so 'n kategorie by 'n rit aanbied.

3.4.4.2 Veteraanruiters mag in spanverband op alle vlakke van kompetisie deelneem, en dit staan 'n ritkomitee vry om so 'n kompetisie by 'n rit aan te bied.

3.4.5 Klassifikasie van ruiters

3.4.5.1 Nuwelingruiter

Nuweling ruiter moet 2 x 40km en dan 2 x 80km (Trapleer) ry

- Daar is ‘n spoedbeperking van toespassing op ‘n nuweling ruiter van 16kmph
- Geen Senior benodig behalwe as kinder rutier..
- Geen rusperiode is van toepassing op nuweling ruiters nie.

3.4.5.1 Uithouritruiter

Sodra die nuwelingruiter die nuwelingsfase voltooi het sal die ruiter as ‘n uithourit ruiter geklassifeer wees en so op die ERASA databasis verander na uithouritruiter.

- Ruiters mag net aan 120km rit deelneem nadat die ruiter ‘n suksesvolle kompeterende 80km voltooi het.
- Ruiters mag net aan 160km rit deelneem nadat die ruiter ‘n suksesvolle kompeterende 120km voltooi het.

3.4.6 Inweeg van ruiters

3.4.6.1 Ruiters mag ekstra gewigte dra ten einde vir ’n volgende (hoër) gewigsklas te kwalifiseer. Hierdie gewigte kan in ’n gewigsak, of op enige ander metode soos deur die inweegbeampte goedgekeur, gedra word.

3.4.6.2 Ruiters word ingeweeg:

3.4.7.2.1 In soortgelyke kleredrag as die waarin hulle die rit gaan ry.

3.4.7.2.2 Met die saal, saalkleedjie en ander toerusting wat as deel van die saal op die perd gedra sal word.

3.4.7.2.3 Sonder die toom en beskermende toerusting wat op die bene van die perd gebruik word (soos bv. aankapstewels of spierpeesstewels).

3.4.6.3 Ruiters **MOET** te alle tye met die saal, saalkleedjie en ry toerusting (toom uitgelsluit) waarmeer ingeweeg is ry, en sal gediskwalifiseer word indien van die toerusting nie gedra word nie. Indien die saal, saalkleedjie of rytoerusting omgeruil word vir watter rede ookal **MOET** die ritmeester/s op diens in kennis gestel word en moet die ruiter weer inweeg. Die ruiter moet in dieselfde gewigskategorie as wat hy ingeskryf het weeg. Indien die ruiter twee verskillende saals gaan gebruik moet albei geweeg word en die ligste saal se gewig word gebruik.

3.4.6.4 Die ruiter moet teen alle tye swaarder inweeg as die minimum gewig van die spesifieke gewigsklas waarvoor ingeskryf is, onderworpe aan diskwalifiasie. Die ruiter is verplig om op enige stadium tydens die rit te weeg wanneer versoek word deur 'n beampte van ERASA

3.4.6.5 Alle ruiters (senior, junior en kind) wat vir afstande van 80km of langer inskryf (uitgesonderd trapleerinskrywings), moet geweeg word (hierdie is noodsaaklik vir die bepaling van die Besvoorbereide Perd en toekomstige spanseleksie). Ruiters wat vir afstande korter as 80km en ruiters wat onder die trapleerstelsel inskryf, word nie in gewigsklasse ingedeel nie, en weeg nie in nie.

3.4.6.6 Die inweegbeampte kan enige ruiter te eniger tyd tydens 'n rit weeg om seker te maak dat die ruiter voldoen aan die vereistes van die gewigsklas waarvoor ingeskryf was. Ruiters wat nie aan die vereistes voldoen nie (met inagneming van artikel 3.4.7.4) sal gediskwalifiseer word.

3.5 BUITELANDSE RUITERS, SUID AFRIKAANSE RUITERS WERKSAAM IN DIE BUITELAND

3.5.1 Buitelandse ruiters. Buitelandse ruiters mag aan ritte wat onder die reëls van ERASA aangebied word deelneem.

3.5.1.1 Buitelandse ruiters moet:

3.5.1.1.1 'n Toestemmingsbrief van die betrokke land se nasionale federasie kan toon.

3.5.1.1.2 Vooraf by die Algemene Bestuurder aansoek doen om toestemming om aan UVVSA ritte deel te neem. Geen fooi is betaalbaar nie.

3.5.1.2 Die Algemene Bestuurder moet skriftelik toestemming uitreik. Wanneer toestemming uitgereik is, kan sulke ruiters aan alle ritte wat plaasvind tydens die periode van hul besoek aan Suid Afrika, deelneem.

3.5.1.3 Buitelandse ruiters hoef nie te kwalifiseer om aan die Fauresmith 200 rit deel te neem nie, tensy hulle tydens die kwalifiseringsperiode vir 'n aaneenlopende periode van langer as ses maande in Suid Afrika woonagtig was. Die perd waarop hy/sy inskryf moet egter aan die kwalifiseringsvereistes voldoen.

3.5.2 Suid Afrikaanse burgers wat voltyds in die buiteland werk.

3.5.2.1 Suid Afrikaners wat voltyds in die buiteland werk kan steeds as volle lede by ERASA affilieer.

3.5.2.2 Indien hulle geaffilieer is by die nasionale federasie van die land waar hulle werksaam is, geld artikel 3.5.1.1 hierbo.

3.5.2.3 Hierdie persone hoef nie te kwalifiseer om aan die Fauresmith 200 deel te neem nie. Vir doeleindes hiervan word “voltyds” gedefinieer as ’n lid wat gedurende die kwalifiseringsperiode vir die betrokke Fauresmith 200 vir minstens ses maande in die buiteland werksaam was. Die perd waarop hy/sy inskryf moet egter aan die kwalifiseringsvereistes voldoen.

3.6 DEELNAME DEUR SA RUITERS IN DIE BUITELAND

3.6.1 Lede van ERASA wat in die buiteland aan uithouritte wat onder die reëls van die Federation Equestre Internationale (FEI) aangebied word wil deelneem moet vooraf as ruiters by die FEI registreer en vooraf 'n toestemmingsbrief sowel as 'n internasionale ruiterslisensie bekom (al hierdie word deur die ERASA kantoor hanteer). Ruiters moet via ERASA kantoor en SANEF vir FEI ritte in die buiteland inskryf.

3.6.2 Lede van ERASA wat in die buiteland aan ander uithouritte (nie onder die reëls van die FEI) wil deelneem moet vooraf ’n toestemmingsbrief bekom (hierdie word ook via die ERASA kantoor gedoen).